EFFICIENT GROUP

Kontak Ons

Delyweg 81
Hazelwood
Pretoria
0081

+27 (0)87 944 7999

info@efgroup.co.za

www.efgroup.co.za

DIE LIBERTYNSE PARTY SE VERKIESINGSMANIFES
- By Dawie Roodt

Ek het gereken om oor die volgende paar weke die verskillende politieke partye se ekonomiese beleide te bespreek. Dis 'n gepaste tyd aangesien die verkiesing waarskynlik êrens in Mei gaan plaasvind en dis nou die ideale tyd om beter te verstaan waarvoor die onderskeie partye staan.

Maar voor ek die spul onder die loep neem gaan ek my eie voorgenome ekonomiese beleid aan die lesers van Libertyn voorlê. Ek besef dat ekonomiese beleid nie die enigste rede is waarom kiesers vir 'n party stem nie, maar ek dink tog dat dit van die belangrikste oorwegings behoort te wees. Verder is ek dalk so ietwat onrealisties en hopeloos te idealisties oor my voorstelle.

Nietemin, laat weet my of jy vir my sou gestem het indien my (ekonomiese) beleid onder andere die volgende bevat het:

+ Verander die grondwet om private eiendomsreg beter te beskerm.
+ Versterk die onafhanklikheid van die Reserwebank en verlaag die inflasieteikens na 2%.
+ Ondersoek en moedig die gebruik van nuwe tegnologieë soos die blokketting aan.
+ Verander die belastingstelsel dramaties deur o.a. alle belastings op kapitaal af te skaf soos kapitaalwinsbelasting, oordragbelasting, boedelbelastings en dies meer.
+ Skaf die horde klein belastingkies soos voertuiglisensies, finansiële transaksie belastings en dies meer af.
+ Verhoog belasting op brandstof en verminder die aantal persoonlike inkomstebelasting skale tot net drie. Moontlik sal persoonlike inkomstebelastingkoerse verhoog moet word.
+ Verminder maatskappye inkomstebelastings en skaf belastings op dividende af.
+ Skep 'n onafhanklike "Fiskale raad" wat BTW verhogings en verlagings gebruik om 'n gebalanseerde fiskale tekort oor die sake siklus te handhaaf.
+ Stel 'n middele toets in voordat iemand vir die kinderoordrag kwalifiseer, soos bewys dat 'n kind in die skool is, ingeënt is, ens.
+ Verhoog die kwalifiserende ouderdom vir ouderdomspensioen geleidelik (sê oor 20 jaar) na 'n ouderdom van 70 jaar.
+ In stede van staatsonderwys, reik koeponne aan ouers uit sodat hulle self kan besluit na watter skole om hulle kinders te stuur. Maar beperk die aantal koeponne wat 'n kind mag kry vir 12 jaar.
+ Verskaf staatslenings aan studente wat goed presteer en verplig hulle om die lenings terug te betaal.
+ Stel onderwyskolleges weer in en loots 'n program wat ten doel het om SA se primêre onderwysstelsel wêreldklas te maak.
+ Verklaar 'n "onderwys noodtoestand", verleng die skooldag, oorweeg ook skool op Saterdae en verbied vakbonde in onderwys tot tyd en wyl ons skool standaard ten minste op die wêreld gemiddeld is.
+ Maak staatshospitale en klinieke meer outonoom en verander die departement van gesondheid in staatsgefinansierde mediese fondse. Sodra mens se mediese fonds "uitgeput" is het mens geen ander keuse as om na 'n opleidingshospitaal te gaan vir behandeling nie.

- Plaas Eskom, SAL en die ander parasitale instellings onder besigheid redding, neem al hulle skuld oor, privatiseer, verkoop of sluit die instellings, afhangend van omstandighede.
- Loots 'n program om die aantal staatsdiensamptenare dramaties te verminder en betaal hulle wat hulle werd is. Baie duisende sal hulle "werk" verloor in dié proses.
- Verminder die kabinet tot 'n maksimum van tien ministers. Skaf departemente soos sport (wat op aarde doen die minister van sport?), kleinsake ontwikkelings, vroue sake en dies meer af.
- Ontwikkel basiese infrastruktuur om woonbuurte te skep op staatsgrond in en om groot sentra en dra volle eienaarskap van die erwe oor aan armes.
- Verkoop ander staatsgrond om dit te finansier.
- Ontslaan alle polisiemanne en laat die plaaslike gemeenskap hulle self heraanstel.
- Bou polisiestasies van glas.
- Verwyder alle valutabeheerregulasies en gee aan die trustees van pensioenfondse meer diskresie oor beleggings sonder enige verpligte beleggings.
- Verander die staatsdienspensioenfonds na 'n vasgestelde bydrae fonds. Laat daarna die lede toe om hulle bates na 'n fonds van hulle keuse oor te dra.
- Skaf die Openbare Beleggingskomesaris (PIC) daarna af.
- Skaf die minimum loon en verpligte werkloosheidsversekering af.
- Skaf BEE en alle ander vorme van amptelike rassediskriminasie af en vervang dit met 'n armoede ontwikkelingsprogram.

Ek is seker ek kan die lysie heelwat langer maak...

Punt is, hierdie mooi landjie is so diep in die moeilikheid dat ons alreeds 'n punt bereik het waar dramatiese ingrype nodig is om ons van totale ekonomiese ondergang te red. My voorstelle sal ongetwyfeld baie mense baie omkrap, maar indien ons dit wel kan implementeer sal dit lei tot ongekende ekonomiese groei en voorspoed.

Moet nie dink my voorstelle is belaglik nie. Baie van hierdie voorstelle is al wêreldwyd geïmplementeer, gewoonlik met baie groot sukses.

Maar helaas, ek sou seker nie met hierdie voorgestelde beleid verkies word nie. Daar is hopeloos teveel mense in die land wat intussen agtergekom het dat hulle kan stem vir daardie politici wat vir hulle die meeste belowe. Ons het 'n land geword waar almal op iemand anders probeer teer tot nadeel van diegene wat werklik produseer.

So my plan is wensdenkery, maar niemand kan se ek het nie probeer nie...

Disclaimer: Although every effort has been made to ensure the accuracy of the content of this newsletter, Efficient Group Ltd accepts no liability in respect of any errors or omissions contained herein. The contents of this brochure cannot be construed as financial advice and does not confer any rights whatsoever, enforceable against any party and does not replace any legal contract or policy which may be subject to terms and conditions. Efficient Group Ltd retains the right to amend any information contained in this brochure at any time and without prior notice.